Universiteit van Pretoria

# DIE MISSIE VAN DIE LEERSTOEL IN VERSEKERINGSWESE

Prof G.L. Marx

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# CURRICULUM VITAE
# PROF G.L. MARX

George Louis Marx is op 23 Januarie 1954 te Pretoria gebore. Hy matrikuleer in 1971 aan die Hoërskool Drie Riviere te Vereeniging, waar hy die skool se hoogste toekenning vir akademiese en ander prestasies ontvang.

Hy sit sy studies met 'n beurs van Sanlam aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys voort waar hy die BSC(Econ)-graad in 1974 met lof, in die vakke Wiskunde, Wiskundige Statistiek en Geld- en Bankwese behaal.

In 1975 begin prof Marx by Sanlam se hoofkantoor in Bellville as aktuariële klerk te werk waartydens hy ook die professionele aktuariële eksamens aanpak en in 1981 as aktuaris kwalifiseer. Prof Marx beëindig sy loopbaan by Sanlam in die middel van 1988 as Senior Pensioene-Aktuaris om die pos as bekleër van die Momentum Lewensversekeraars Leerstoel in Versekeringswese aan die Universiteit van Pretoria in te neem.

Hy het ook UNISA se Skool vir Bedryfsleiding se Gevorderde Bestuursprogram deurloop en is 'n Genoot en Raadslid van die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs.

Om die aktuariële studies te kan voltooi, vereis dat 'n mens buitengewone uithouvermoë moet hê. Daarvan getuig prof Marx se sportbelangstelling ook deurdat hy al die Comrades marathon voltooi het en so pas weer die Bergrivier kanomarathon in die 46ste posisie klaargemaak het.

Prof Marx is met Marna Conradie getroud en die egpaar het drie kinders.

Dit is vervolgens vir my aangenaam om prof Marx te versoek om sy professorale intreerede te lewer oor die onderwerp "Die Missie van die leerstoel in Versekeringswese".

Prof D M Joubert
VISE-KANSELIER EN REKTOR



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE MISSIE VAN DIE LEERSTOEL IN VERSEKERINGSWESE

## 1. INLEIDING

Missieformulering het in moderne sake-ondernemings 'n gewilde oefening geword. Vir sommige waarnemers lyk dit na 'n mode-gier maar vir ander het dit nuwe vergesigte in hul ondernemings se strategieë geopen. Skrywers in die Bestuurswese verskil in hul definisies van wat 'n missie is – daarom gee ek my eie beskrywing van 'n missie, naamlik, 'n missie stel **wat** die onderneming doen en **waarom** hy dit doen.

'n Bespreking van die Leerstoel in Versekeringswese se missie behoort vir u enersyds 'n kykie te gee in wat ek hier doen en beplan om te doen. Dit sal andersyds meebring dat ek sekere waarnemings van die versekeringsbedryf in Suid-Afrika met u sal deel. Ek sal afsluit met die formulering van die Leerstoel se missie, waarop ek u versoek om dit in u eie gemoed te beoordeel en, indien moontlik, mettertyd u sienings daaroor met my te deel.

### 1.1 ONTSTAAN VAN DIE LEERSTOEL

In die eerste vergadering van hierdie fakulteit op 3 Junie 1920, het prof A E du Toit die vraag geopper wat die posisie van "Statistics and Actuarial Science" binne die kursusse van die fakulteit sou wees en op 25 Februarie 1922 besluit die Fakulteitsraad om die Senaat te versoek om die "Union Statistical Department" te nader met die oog op samesprekings oor 'n kursus in "Statistics and Demography". Die presiese verdere verloop is nie bekend nie maar Statistiek as vak is lank reeds gevestig.

Dit was eers in 1987, onder die leiding van ons geagte vise-rektor prof Smit en die dekaan prof Stadler, dat Aktuariële Wetenskap as dissipline 'n werklikheid begin word het by UP.

Aktuariële Wetenskap kan ook as Versekeringswiskunde omskryf word. Uit die samestelling van die kursus in Versekeringswese soos ek later sal verduidelik, is dit as meer toepaslik bestempel om die kursus as Versekeringswese eerder as Aktuariële Wetenskap te doop.

Aktuariële Wetenskap as sodanig het reeds drie eeue gelede ontstaan en Edmond Halley (1656-1742), van die komeet faam, het hom al hiermee besig gehou toe hy die eerste volledige sterftetabel opgestel het.

In Suid-Afrika bied die Universiteit van Kaapstad hierdie dissipline sedert 1973 aan, WITS het in 1982 gevolg en Stellenbosch vanaf 1985. Die vakke wat hier



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

aangebied word was tot dusver 100% geskoei op die professionele liggame, dit is die Institute of Actuaries in Londen en die Faculty of Actuaries in Skotland, se leerplanne met die oog op vrystellings van sekere van die professionele eksamens. Met minder as 200 aktuarisse in Suid-Afrika, kan dit nie bekostig word om die vakrigting, wat waarskynlik 'n potensiaal van nie meer as 200 nuwe studente per jaar het nie, by al die universiteite in die land aan te bied.

Dit sou egter 'n anomalie wees as die grootste residensiële universiteit in die land, dit nie aanbied nie.

By UP beplan ons om nou saam te werk met die ander universiteite en ons poog selfs dat ons studente dieselfde eksamens skryf in die onderskeie Aktuariële Wetenskap-vakke. Dit vergemaklik sake ook aansienlik ten opsigte van aansoeke vir vrystellings van die professionele eksamens.

Die Leerstoel by UP is uniek in die sin dat die kursussamestelling ook die Suid-Afrikaanse praktyk in ag neem en verder dat dit pertinent ook gerig is op studente wat nie noodwendig die aktuariële kwalifikasie wil probeer behaal nie maar wat 'n uitdagende beroep, met 'n wiskundige grondslag, in die sakewêreld wil volg.

Daarenteen bied sommige van die ander universiteite die professionele vakke waarvoor nie vrystelling verkry kan word nie, ook as nagraadse kursusse aan en wat gesinchroniseer word met die professionele eksamens sodat die student gelyktydig vir die universiteits- en die professionele eksamens voorberei. By UP dink ons nie daaraan om hierdie pogings te dupliseer nie maar ons sal neig om met WITS in hierdie verband saam te werk.

## 2. DIE AKTIWITEITE VAN DIE LEERSTOEL

### 2.1 TANS

Die Leerstoel is ingestel met die oogmerk om te voorsien in die opleiding van

(i) aktuarisse insoverre die student die maksimum aantal vrystellings van die professionele eksamens kan behaal (dit beteken byvoorbeeld 6 van die 10 vakke van die Institute of Actuaries), en

(ii) aktuariële tegnici om die aktuaris by te staan.

Studente word opgelei vir die versekeringsbedryf in al sy fasette, te wete lewensversekering, pensioene en korttermynversekering maar die bemarking van versekering vorm nie deel van die opleiding nie.

Ons is derhalwe besig met die tegniese sy van versekering.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

As sodanig bied die Leerstoel tans die tweejarige voorgraadse hoofvak – Versekeringswese – aan wat bestaan uit vier semesterkursusse te wete:

- Inleidende aktuariële wetenskap, dit is renteleer en gebeurlikheidsleer
- Lewensversekeringspraktyk
- Pensioenfondspraktyk en
- Korttermynversekeringspraktyk.

Die tipiese voorgraadse kursussamestelling lyk dan soos volg:

| EERSTE JAAR | TWEEDE JAAR | DERDE JAAR |
|---|---|---|
| Wiskundige Statistiek | Versekeringswese | Versekeringswese |
| Ekonomie | Wiskundige Statistiek | Wiskundige Statistiek |
| Wiskunde | Ekonomie | Ekonomie |
| Bedryfsekonomie | Wiskunde | |
| Finansiële Rekeningkunde | | |
| Informatika | | |

Daar bestaan 'n geringe mate van keuse ten opsigte van vakkursusse.

In die Honneurskursus word die swaargewig aktuariële vakke volgens die professionele leerplanne behandel en wel soos volg:

| | |
|---|---|
| Wiskunde van Finansies | 1 krediet |
| Gebeurlikheidsleer | 2 krediete |
| Sterfteleer | 3 krediete |
| Aktuariële Statistiek | 4 krediete |

Twee verdere krediete moet behaal word volgens die student se keuse en sal normaalweg 'n studie van Institusionele Beleggingspraktyk of 'n navorsingsprojek behels.

Met insluiting van die Honneurskursus, behoort die student 'n oorsig te kry van die volle versekerings- en aktuariële terrein. Ek wil verder beklemtoon dat die voorgraadse kursusse ingestel is op die Suid-Afrikaanse situasie met verwysing onder andere na RSA wetgewing en tipiese moderne Suid-Afrikaanse versekeringskontrakte.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die student wat by ons afstudeer behoort met 'n uitstekende agtergrondkennis by werkgewers in die bedryf in diens te kan tree.

## 2.2 BEPLAN

### 2.2.1 Opleiding

Diegene wat aktief betrokke is by die bedryf, is deeglik bewus daarvan dat die bedryf mank gaan aan hoogs geskoolde mannekrag. Die graadkursus soos hiervoor verduidelik, wat op 'n voltydse basis aangebied word, kan slegs daartoe bydra om moontlik in die toekoms verligting van hierdie tekort teweeg te bring.

Dit is myns insiens noodsaaklik dat die Leerstoel ook by wyse van na-uurse kursusse (hetsy by die Universiteit of ter plaatse by versekeringsondernemings) opleiding moet voorsien. Inkorporering by bestuursopleiding van 'n kursus of twee oor versekering soos byvoorbeeld risikobestuur en werknemervoordele. is 'n verdere terrein.

Ons het ook onderneem om 'n kursus daar te stel in reserveringspraktyk vir korttermynversekeraars, wat daarop gemik sal wees om onder andere ouditeure van sulke versekeraars in 'n beter posisie te plaas om die geskiktheid van reserwes vir uitstaande eise en so meer, te beoordeel.

### 2.2.2 Konsultasies

In die kort tydperk wat ek by die Leerstoel betrokke is, het dit duidelik geword dat die onverbondenheid van die Universiteit ongeëwenaarde geloofwaardigheid by die versekeringspubliek het. Hierdie is 'n geleentheid wat ons nie onbenut kan laat nie. Soos wat ander departemente klinieke in hul vakrigtings bedryf, beoog ons om ook 'n Versekeringskliniek te stig sodra ons genoeg werkkragte bekom het vir die departement Versekeringswese.

Die kliniek se eerste prioriteit sal wees om alle finalejaarstudente van die universiteit te waarsku teen die slaggate in versekering as hulle die beroepslewe betree en tweedens sal ons alle oudstudente by wyse van die normale kommunikasie met alumni in kennis stel dat hulle die kliniek kan nader vir onafhanklike advies oor versekeringsaangeleenthede.

Ek is van mening dat Versekeringswese slegs een van baie dissiplines by die Universiteit is, wat, deur daadwerklik 'n markgerigte benadering in die bedryf van 'n Leerstoel vir daardie dissipline te volg, die akademikus weer finansieel gesproke en andersins, in die gerespekteerde posisie wat hy verdien, sal plaas.

Ons geagte vise-rektor prof Smit, het in sy onlangse verslag oor oorsese verwikkelinge in die bestuur van akademiese inrigtings, gemeld dat al groter



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

differensiasie in vergoeding van doserende personeel besig is om plaas te vind.

Ek wil daarby aansluit deur te beklemtoon dat 'n stelsel van kruissubsidiëring gedoem is tot mislukking (behalwe miskien as dit geskied met stemgeregtigdes se belastinggeld). Neem 'n voorbeeld uit die versekeringsbedryf.

Toe versekeraars 'n jaar of drie gelede begin het met die instel van die sogenaamde nie-rokers afslag, dit wil sê goedkoper lewensversekeringspremies vir persone wat nie rook nie, was die nie-rokers baie ingenome met hierdie verwikkeling. Die versekeraars was egter gekonfronteer met die dilemma dat hulle standaard-tariewe nie onveranderd kan bly nie maar verhoog sal moet word want die subsidie van die nie-rokers aan die rokers, val weg met die nie-rokers afslag. As hy nie die standaard-tariewe verhoog nie, sal die versekeraar verliese op die lyf loop want, hy sal nie net sy eie bron van roker-aansoekers kry nie, maar ook die roker-aansoekers van ander versekeraars wie wel hulle tariewe vir rokers verhoog het.

Dieselfde gevare bestaan as doserende personeel almal dieselfde vergoeding ontvang. Die meer bekwame personeel word weggelok na ander weivelde en die minder bekwames bly agter en nuwe aansoeke word ook van die minder bekwames ontvang. Dit word 'n bose kringloop. Hierdie feit verydel en rysmier die Universiteit se strewe na uitnemendheid. Die gevaar bestaan nie net by personeel van verskillende departemente nie, maar ook by die personeel binne dieselfde departement en vak.

Die antwoord, myns insiens, lê in wat ek reeds genoem het, naamlik 'n markgerigte benadering in die bedryf van 'n Leerstoel. Hierdie benadering vereis eerstens, en ek glo my kollegas in die Bestuurwetenskappe sal met my saamstem, dat die produk wat ons besig is om te vervaardig en te verkoop, gedefinieer moet word. In teenstelling met wat ek ondervind het die algemene opvatting hier by die Universiteit is, is die produk nie gegradueerdes of opgeleide mannekrag of dokters of advokate of predikante nie, maar die produk wat ons vervaardig en verkoop is KENNIS.

Ek as aktuaris in die Leerstoel vir Versekeringswese is besig om my kennis te verkoop - aan wie? Tradisioneel aan studente. Die opvatting bestaan dat die mark die "studente" is. Met so 'n opvatting is ons besig om dieselfde fout te maak as wat MATCHBOX in die sestigerjare gemaak het, toe hy geredeneer het hy is in die mark vir klein gegote yster speelgoedmotortjies. Sy mededinger, MATTEL, het gesê hy is in die mark vir speelgoed en met duurder aantrekliker produkte vorendag gekom en MATCHBOX se markaandeel verpletter.

As ons by die Universiteit sê ons mark is studente, is ons besig om dieselfde fout as MATCHBOX te maak.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Ons mark is enigiemand wat hierdie kennis wil bekom. Die Bestuurskole van ons land erken hierdie beginsel en bied nie net voltydse en deeltydse MBA's aan nie maar bied ook 'n tweede dimensie naamlik kort, doelgerigte ter plaatse kursusse vir maatskappye aan.

Ek bepleit ernstig dat 'n derde dimensie ook betree moet word, naamlik die aktiewe bemarking van ons kennis aan persone en instansies wat dit direk wil aanwend in die praktiese situasie. Hiermee bedoel ek konsultasies - of soos dit dalk in akademiese kringe bekend staan - gemeenskapsdiens. Die woord gemeenskapsdiens dra egter 'n liefdadigheidskonnotasie en dit inhibeer myns insiens die uitbouing van hierdie derde dimensie onnodiglik.

As ons dan ons produk en ons mark gedefinieer het, is die volgende stap om prysvasstelling te doen. Die markprys is die prys waarteen die marginale koper en verkoper bereid is om die ruiltransaksie aan te gaan. Dit sal noodwendig afhang van vraag en aanbod en die aard en kwaliteit van die produk. Volgens my inligting geskied prysbepaling van ons kursusse by die Universiteit hoegenaamd nie met inagneming van hierdie faktore nie. Dit maak nie sin dat 'n kursus in Versekeringswese R208 kos teenoor 'n kursus in Ekonomie wat R285 kos en Wysbegeerte wat R325 kos nie.

Ek beweer dat die maatskappy wat 'n beurs aan die Versekeringswese student toestaan, nie 'n oomblik sal aarsel om te betaal as die koste van die kursus in Versekeringswese sou verdubbel nie, want die werwing van daardie student met die kennis wat die Universiteit aan hom gee, is vir die maatskappy meer werd as die prys.

Maar hoe nou gemaak met 'n kursus soos Wiskunde wat nie 'n dissipline is wat direk bemarkbaar is soos Versekeringswese of Rekeningkunde of Elektriese ingenieurswese nie? Net soos wat die sakemanne weet hoe om vaste koste ("overheads") in hulle prysbepaling in te bou, so behoort die pryse van die direk bemarkbare dissiplines bepaal te word om ook te voorsien in die "vaste koste" verbonde aan 'n Wiskunde departement. Dit behoort duidelik te wees dat hierdie argumente net so van toepassing is op die Universiteit as geheel in soverre die Universiteit departemente, of selfs fakulteite wil en behoort te onderhou wat nie selfstandig kan bestaan nie.

Die subsidie, indien enige, wat van owerheidsweë ontvang word, moet as 'n bonus beskou word en moet miskien uitsluitlik aangewend word om die dissiplines wat nie selfstandig kan wees nie, te steun.

Mededinging tussen universiteite sal natuurlik hewiger word in hierdie omstandighede, maar dit kan op die lang duur net heilsaam wees. Dit sal egter moed en vindingrykheid verg van die universiteit wat die eerste daadwerklike stap in hierdie rigting neem. Ek wil graag deel wees van so 'n universiteit en daarom is ek by UP.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Ek wil dus graag sien dat die Leerstoel in Versekeringswese sy kennis moet kan aanbied teen 'n markprys, nie net aan persone wat voltydse of deeltydse of kortkursusse wil loop nie, maar ook aan die bedryf en die versekeringspubliek.

## 2.3 ENKELE WAARNEMINGS VAN DIE VERSEKERINGSBEDRYF

### 2.3.1 Die gans wat die goue eiers in die ekonomie lê

Die Suid-Afrikaanse ekonomie kan in 'n sekere sin bestempel word as 'n geluksekonomie – ons is gelukkig dat ons oor goud en ander strategiese minerale beskik maar ons is ongelukkig dat ons ook met groot komponente relatief onproduktiewe fasette te kampe het. Dit het tot gevolg dat die ekonomie in die verlede grootliks op die Goudgolf gery het, wat soos ons almal weet, drastiese skommelings toon.

Dit is nie in die aard van die mens om gelukkig te bly in drastiese veranderlike ekonomiese omgewings nie – daarom neem hy versekering uit om sy paadjie vorentoe gelykmatiger te laat verloop.

Ek wil beweer dat, op die makro-ekonomiese terrein dit juis die lewensversekeraars is wat daarin slaag om die drastiese skommelings tot 'n mate gelyk te stryk met hul beleggings in die tersiêre nywerheid. Ek praat van die stigting en uitbouing van maatskappye soos BARLOWS en FVB en in die onlangse verlede die oorname van ondernemings soos IBM en MOBIL as teenvoeters vir die disinvesteringsveldtog. By al hierdie ondernemings het versekeraars se kapitaal die nodige stukrag gegee.

Die lewensversekeringsbedryf is inderwaarheid die gans wat die goue eiers in die Suid-Afrikaanse ekonomie lê.

As dit nie vir die aktiewe werwing en mobilisering van die publiek se spaargeld was op so 'n wyse dat dit nie onmiddellik of op kort kennisgewing opvraagbaar vir die spaarder is nie, dan het ons waarskynlik lankal 'n ineengestorte ekonomie, dit wil sê geen ekonomie gehad nie. Ek meen dit is George Bernard Shaw wat gesê het: "It is too late to start to economise when the purse is low." Vir hierdie reddingsaksie moet die versekeringsbedryf geloof word.

Soos dit met baie goeie dinge gaan, moet daar egter teen gewaak word dat dit nie mettertyd te goed gaan nie. Die spreekwoord sê: Na hoogmoed kom die val. Ek meen ek begin tekens sien van hoogmoed in die lewensversekeringsbedryf en ek wil graag 'n waarskuwing rig vir die moontlike val wat kan volg.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hierdie bedryf se achilleshiel is sy geloofwaardigheid. Daarom is 'n organisasie soos die Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs in 1982 gestig – en ek wil graag in hierdie rede 'n lansie vir hulle breek – om aan die publiek 'n maatstaf te gee waarvolgens 'n bemarker van versekering (met ander woorde 'n versekeringsagent) se professionaliteit gemeet kan word. Nagenoeg een uit elke twintig versekeringsbemarkers is 'n genoot van ILPA en die publiek is getroos dat sy kennis deur middel van 'n strawwe reeks eksamens getoets en hy aan 'n gedragskode onderhewig is.

Negentien uit elke twintig agente is egter nie lede van ILPA nie en sommige bestempel hulself ten regte en ander ten onregte as finansiële adviseurs. Gerugsteun deur die indrukwekkende advertensie- en bemarkingsmateriaal en aansporingsveldtogte wat versekeraars loods, verg dit dikwels net 'n gladde mond van 'n bemarker om groot bedrae geld vir die Versekeraar in te win en in die proses vir homself groot bedrae kommissie te verdien. Hoe meer kommissie hy verdien, hoe meer glo hy in homself en hoe groter kliënte nader hy, tot op die punt waar dit kan gebeur dat 'n bemarker, met niks meer as sy eie interpretasie van 'n beleggingsgeleentheid nie, homself as 'n deskundige voordoen by 'n korporatiewe kliënt en miljoene rande namens die kliënt belê. As die miljoene nog by 'n Lewensversekeraar belê was, was die probleem nie so erg nie, maar dit gebeur dat die kliënt deur hierdie "deskundige" geadviseer word om ook ander geleenthede te beproef – wat op die ou end blyk hoogs riskante beleggings te wees.

Die probleem wat ek wil aanspreek, is dat die omvang en wyse waarop die versekeringsbemarker vir sekere besigheid vergoed word, dit daartoe leen dat die versekeringspubliek se belange nie ten beste gedien word nie en die rede daarvoor lê daarin dat die maksimum kommissieskale jare gelede, in 'n ander scenario, in die Versekeringswet vasgelê is, en deels daarin dat die kommissie nie geopenbaar word nie.

In die woorde van 'n versekeringsmakelaar: "As ek versekering bemark soos wat ek behoort te doen deur vir elke kliënt 'n volledige finansiële ontleding te doen van wat sy behoeftes aan sterftedekking, ongeskiktheidsdekking en aftreevoorsiening is, kan ek maksimum R200 000 in 'n jaar verdien. As ek my egter daarop toespits om beleggings vir versekeraars te werf, is die potensiaal onbeperk". Onthou nou, die versekeringswet tref nie onderskeid tussen kommissie vir beleggings en kommissie vir lewens- en ongeskiktheidsversekering nie.

Die wet maak wel onderskeid tussen polisse waarkragtens gereelde premies betaal word en waarkragtens enkelpremies (dit is eenmalige premies) betaal word. So byvoorbeeld kry 'n bemarker sodra die polis verkoop is 65% van die eerste jaar se premies kommissie vir 'n polis waarkragtens premies vir 20 jaar betaalbaar is en nog 'n derde van die aanvanklike kommissie na 'n jaar.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

terwyl vir 'n enkelpremiepolis die kommissie 2,5% van die premie is.

In die vroeë sewentigerjare is alle enkelpremiepolisse egter nie-standaard gemaak wat beteken dat die opbrengs van sulke polisse ten volle belasbaar is en wat dit dus onaantreklik gemaak het. Versekeraars se vindingrykheid ken geen perke nie en hulle ontwerp toe 'n nuwe pakket om die belastingnadeel van die nie-standaard enkelpremiepolisse mee teen te werk naamlik – die enkelpremie word in 'n jaargeldpolis belê en die jaargeld se paaiemente word gebruik as premies vir 'n gereelde premie uitkeerpolis – en – die bemarker kry kommissie op altwee polisse! – wat nou uitwerk op tussen 8,0% en 9,8% van die enkelpremie indien die belegging vir 10 jaar aangegaan word – ongeag of die enkelpremie tienduisend rand of tien miljoen rand beloop – en – in meeste gevalle word die kommissie, wat uit die premie verhaal word, nie aan die kliënt geopenbaar nie.

Kom ons vergelyk hierdie situasie met die vergoeding van ander finansiële tussengangers

| Belegging: | R10 000 | R100 000 | R1 000 000 |
|---|---|---|---|
| Versekeringsbemarker | R803 | R8 268 | R82 922 |
| Aandelemakelaar | R102 | R 778 | R 5 378 |
| Eiendomsagent | R750 | R6 000 | R40 000 |
| Bougenootskapkonsultant | | R 450 | |

Die aandelemakelaar en die eiendomsagent se vergoeding is bekend aan die belegger. By groot eiendomstransaksies word daar feitlik deurgaans oor die agent se vergoeding onderhandel.

Die bougenootskapskonsultant se vergoeding word nie direk van die spesifieke kliënt se belegging verhaal nie.

Dit is duidelik dat by die groot bedrae, die vergoeding vir die versekeringsbemarker, uit lyn is met die van ander tussengangers en ek meen dit dring ook in teen die normale mens se gevoel van etiek.

Verdere perspektief word aan die situasie gegee as ons kyk na die verhouding van totale versekerde bedrae tot jaarlikse totale premie-inkomste van die lewensversekeringsbedryf. Twaalf jaar gelede het dit nagenoeg 25:1 beloop teenoor die huidige 18:1. Dit sê die goeie nuus dat meer spaargeld geïn is, maar dit sê ook die slegte nuus dat suiwer versekering afgeskeep word ten gunste van suiwer belegging.

Ek vra dus: Is die lewensversekeringsbedryf besig om sy taak as voorsiener van sekuriteit by dood en ongeskiktheid te versaak ten gunste van iets anders? Hierdie iets anders wil vir my lyk na selfgesentreerde doelwitte van groei in



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

premie-inkomste. Ek sien niks fout op sigself met 'n doelwit gekoppel aan groei in premie-inkomste, of in omset soos ander besighede dit sou noem nie. My waarskuwende vraag is net, gaan die versekeringspubliek nie die bedryf boikot as hy bewus word hiervan nie?

Ek dink die antwoord lê daarin dat die bedryf self, dit wil sê nie die wetgewer nie, aanpassings moet maak in die stelsel van vergoeding wat sy tussengangers by werwing van beleggings kry soos byvoorbeeld om die kommissie te openbaar op transaksies groter as 'n sekere bedrag om sodoende 'n geleentheid vir vrye mark kragte te open, soos wat die geval is met eiendomsagente. 'n Sydelingse voordeel daarvan behoort ook te wees dat dit 'n gelyker mededingingsveld sal skep tussen banke en bougenootskappe aan die een kant en versekeraars aan die ander kant - dit is myns insiens hoegenaamd nie die belasbaarheid van die instansies wat die skaal in die guns van die versekeraars geswaai het nie maar eerder die aansporings vir die tussengangers.

### 2.3.2 Aftreevoorsiening vir Suid-Afrika se bevolking is die grootste uitdaging in hierdie eeu vir samewerking tussen die Staat en die private sektor

Die Suid-Afrikaanse samelewing omvat die uiteenlopende wêrelde van

- die klein gesofistikeerde minderheid
- die matig gesofistikeerdes as die kleiner middelvlak
- die groeiende opkomende ingeligtes as die groter middelvlak
- die oningeligte meerderheid.

Laasgenoemde leef in 'n bestaansekonomie waar elke dag vir homself moet sorg en die persoon hom nie oor sy oudag bekommer nie.

Op die volgende vlak is die verwagting by die persoon geskep dat hy na sy werkleeftyd 'n inkomste sal kry, hetsy van die staat of sy werkgewer.

Op die volgende vlak is die persoon te trots daarop dat hy op maatskaplike voordele van die staat moet staatmaak en kyk hy na sy werkgewer om, miskien saam met sy eie pogings, na aftrede vir hom te sorg.

Op die boonste vlak vertrou die persoon nie eens sy werkgewer nie en wil hy self na sy sake omsien.

Uit die eerstewêreldlande soos Brittanje het Suid-Afrika gedurende die eerste driekwart van hierdie eeu 'n pensioenbedeling oorgeneem wat geskik is vir die tweede boonste vlak en miskien 'n bietjie oorspoel na die boonste en derde vlakke, tesame met die moderne ontwikkelings wat met hierdie vlak se aftreevoorsiening gepaardgaan. Daar is egter gepoog om hierdie bedeling op



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

'n outoritêre of paternalistiese manier van toepasssing te maak op die laer vlakke. Dit het geboemerang soos ons gesien het met die poging om pensioene in die vroeë tagtigerjare te preserveer en soos wat ons hedendaags sien in die delikate onderhandelings tussen vakbonde, werkgewers en pensioenfondsadviseurs ten opsigte van 'n geskikte bedeling vir aftreevoorsiening vir die derde vlak.

In Suid-Afrika is die derde en onderste vlakke so 'n groot meerderheid dat dit onbekostigbaar is om 'n bevredigende maatskaplike voordeel op die lang duur vir daardie vlakke te bekostig sonder om die boonste vlakke ten bloede toe te belas.

Die Mouton-kommissie van ondersoek na pensioenaangeleenthede, wat bestaan uit verteenwoordigers van alle betrokke partye kyk indringend na hierdie probleem en ek wil hulle sterkte toewens met hulle uiters moeilike taak – ek bestempel dit as die grootste enkele uitdaging in hierdie eeu vir samewerking tussen die Staat en die Private sektor.

Ten opsigte van die aftreevoorsiening vir die boonste twee vlakke is daar egter vier sake waar pensioenfondse na my mening nie genoeg doen om aan die verwagtings van hulle lede te voldoen nie, en waarom hulle die gevaar loop om bestempel te word as uitbuiting. Dit is naamlik eerstens die feit dat baie min pensioenfondse vandag bydraes en voordele bereken op totale vergoeding maar slegs op kontantsalarisse. Met dié dat die belasbaarheid van byvoordele binnekort ten volle ingefaseer sal wees sal baie potensiële pensioentrekkers sterk bewus word van die ontoereikendheid van hulle aftreevoordele sodra hy sy pensioen uitdruk as 'n persentasie van sy totale vergoeding en werkgewers gaan 'n skok kry as hulle sien wat dit hulle gaan kos as hulle wel 'n behoorlike voordeel wil voorsien.

Tweedens behoort aktuarisse hulle pensioenfondse te adviseer om genoegsame vooruitvoorsiening te maak vir aanpassings in pensioene na aftrede om te kompenseer vir inflasie. Dit gebeur ongelukkig dat pensioenadviseurs hierdie aspek verwaarloos ten einde die koste van die voordele vir die werkgewer laag te hou, maar hom dan nog altyd laat dink hy het 'n goeie pensioenfonds vir sy werknemers. Ondersoeke wat twee jaar gelede gedoen is, het getoon dat siviele pensioentrekkers die beste daaraan toe was in die sin dat hulle gemiddeld oor 'n lang duur verhogings in pensioen van sowat twee-derdes van inflasie gekry het terwyl dit net die beste van privaatsektor werkgewers was wat by twee-derdes uitgekom het.

Derdens behoort die Trustees van pensioenfondse toe te sien dat hulle lede na aftrede so goed as moontlik verskans word teen die toenemende koste van die toenemende behoefte aan medisyne en versorging. Veral op die gebied van versorging is daar baie wat gedoen kan word, teen 'n bekostigbare prys, maar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

wat die bedryf na my mening nie genoegsaam aanspreek nie. Hopelik sien ons binnekort nuwe inisiatiewe van die versekeringsbedryf in hierdie verband.

